Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende 'man hu' wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

Parashah 26: *Shemini* – Agste

Dit het gebeur dat op die agtste dag Mosheh vir Aharon, sy seuns en die oudstes van Yisra'el geroep het en vir Aharon gesê het: "Vat vir jouself 'n bulkalf as sondoffer en 'n ram as brandoffer, altwee sonder gebrek en offer hulle voor יהוה." Lev. 9:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Lev. 9:1 tot 11:47.

Haftorah: 2Sam. 6:1 tot 7:17.

Nuwe Verbond: Mark. 7:1 tot 23; Mark 9:1 tot 13; Hand. 5:1 tot 11; 10:1 tot 35; 2Kor. 6:14 tot 7:1; Gal. 2:11 tot 16; 1Pet. 1:14 tot 16.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 26 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

We are not going to organize something for God to bless – Leonard Ravenhill.

Opportunity may knock only once, but temptation leans on the doorbell – Anonymous.

Whenever evil wins, it is by moral failure of those who compromise basic principles. History is replete with examples of entire nations weakened by compromise and moral failure – Anonymous.

The man who keeps busy helping the man below him, won't have time to be jealous of the man above him – Henrietta Mears.

In Jewish culture it's just as important to know both sides of a Torah debate as it is to "know the answer" – Nehemia Gordon.

"No matter how many rules we make for ourselves, rules don't create godly relationships. Only leaning on our faithful Father and longing to please Him with everything we do will set the stage for a beautiful romance!" — Eric Ludy.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

"Obedience is the thing, living in active response to the living God. The most important question we ask of this text is not, 'What does this mean?' but 'What can I obey?' — Eugene H. Peterson.

Torahbespreking

Hersiening

Die vorige Torahskriflesing, *Tzav*, het geëindig met die toewyding van Aharon en sy seuns – 'n seremonie wat sewe dae geduur het (Lev. 8:1-36):

> **33** Julle mag vir sewe dae lank nie by die ingang van die Tent van Ontmoeting uitgaan nie; vir die dae van julle toewyding om vervul te word. Vir sewe dae lank sal Hy julle hand bevestig.
> **34** Soos hy vandag gedoen het, het יהוה beveel om te doen, om vir julle toedekking te bring.
> **35** Julle moet daarom by die ingang van die Tent van Ontmoeting bly, dag en nag, sewe dae lank; julle moet die opdragte van יהוה hou sodat julle nie sterf nie, want so is ek beveel."
> **36** So het Aharon en sy seuns alles gedoen wat יהוה deur die hand van Mosheh beveel het. Lev. 8:33-36.

Elke priester moes die opdragte van יהוה nougeset uitvoer sodat hy nie sou sterf nie. In hierdie week se Torah- en Haftorahskriflesing word die belangrikheid van gehoorsaamheid aan יהוה se Torah duidelik uitgespel!!

Die priesters was uit die stam van Levi, maar die wat diens gedoen het in die tent van die tabernakel was K'hat en sy nageslag. Gershon en M'rari en hulle nageslag se dienswerk was die afbreek, vervoer en oprigting van die tabernakel.

Elke priester moes getrou bly aan sy taak soos dit in Torah uiteengesit was. Dit herinner ons ook aan die woorde van Sha'ul in 1Kor. 7:20-24 en wat verwys na ons geestelike roeping as priesters in God se Koninkryk:

> **20** Laat elkeen in dié roeping bly waarin hy geroep is.
> **21** Is jy as slaaf geroep, moenie dat dit jou pla nie, maar as jy vryheid kan verkry, kies self om te dien,
> **22** want die slaaf wat in ons Meester geroep is, is 'n vrygemaakte van God; net so is ook hy wat as vryman geroep is, 'n slaaf van dié Gesalfde Een.
> **23** Julle is met 'n prys gekoop; moenie slawe van mense wees nie.
> **24** Laat elkeen, broers, in dít waarin hy geroep is, bly voor God.

Ons is almal deel van die Liggaam van Yeshua en elke ledemaat is geskape met 'n bepaalde doel en funksie soos Sha'ul dit in Rom. 12:3-5 verduidelik:

> **3** Deur die onverdiende guns wat aan my gegee is, sê ek vir julle almal dat julle nie van julself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie, maar dat julle aan julself dink in nederigheid volgens die maat van vertroue wat God aan elkeen uitgedeel het,
> **4** want net soos ons in een liggaam baie lede het, maar die lede nie almal dieselfde funksie het nie,
> **5** net so is ons almal saam een liggaam in dié Gesalfde Een, maar elkeen afsonderlik lede van mekaar.

Daarom verduidelik Sha'ul dit verder soos volg in 1Kor. 12:15-18:

> **15** As die voet sou sê: 'Omdat ek nie die hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
> **16** As die oor sou sê:' Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?
> **17** As die hele liggaam 'n oog was, waar sou die gehoor wees? As alles gehoor was, waar sou die reuk wees?
> **18** Nou het God egter elkeen van die ledemate in die liggaam gesit, net soos Hy wil.

Yisra'el van ouds was die liggaam, die gemeente, van God en die Leviete was die priesters wat getrou moes bly in hul roeping. Hierdie was 'n heenwysing na die bedeling soos in die nuwe verbond deur Yeshua vervolmaak is. Nou is ons deur die onverdiende guns in Yeshua afgesonderde priesters in God se Koninkryk volgens die Malki-Tzedek priesterskap (1Pet. 2:9). Soos die Levitiese priesters getrou moes wees in hul roeping, net so moet ons ook die opdragte van יהוה, soos in Yeshua vervolmaak is hou, sodat ons nie sterf nie (Lev. 8:35).

Elke jaar met die lees van hierdie gedeelte uit Torah, moet ons ernstig besin of ons nie ook soos Nadav en Avihu skuldig is nie! Daarom is hierdie tot 'n groot mate 'n herhaling en hersiening van vorige jare se notas.

Vreemde Vuur!

Soos reeds genoem, word die belangrikheid van gehoorsaamheid van elke priester in hierdie week se Torahskriflesing bevestig wanneer ons herinner word aan die vreemde vuur wat Nadav en Avihu in die Teenwoordigheid van יהוה-God gebring het en gesterf het!!

> **1** Die seuns van Aharon, Nadav en Avihu, het elkeen sy vuurpan gevat, vuur daarin gegooi, reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer, wat Hy hulle nie beveel het nie.
> **2** Vuur het vanuit die Teenwoordigheid van יהוה uitgegaan en hulle verteer en hulle het gesterf voor die Teenwoordigheid van יהוה. Lev. 10:1-2.

Talle Christene sien die Nadav-Avihu-gebeure as nie meer van toepassing nie, omrede hulle glo dat onder die onverdiende guns van die nuwe verbond is hul vry van die wet. Daar word egter vergeet dat al hierdie dinge wat met Yisra'el gebeur het, opgeskryf is om as voorbeeld en waarskuwing aan ons te dien.

> Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. 1Kor. 10:11.

Elkeen van ons behoort dus te vra: Is ek nie dalk ook soos Nadav en Avihu skuldig nie? Is ek seker dat ek as koninklike priester volgens die orde van Malki-Tzedek (1Pet. 2:9) nie dalk ook 'vreemde vuur' in die Teenwoordigheid van יהוה bring nie? Reageer jy hierop ook soos wat ek aanvanklik op hierdie vrae gereageer het met 'n onmiddelike: "Wie...? Ek...? Nooit nie...!!"

Die feit dat die Skrifte melding maak van die dood van Nadav en Avihu, pas nadat hulle afgesonder was en met hulle dienswerk in die tabernakel op die agste dag begin het, behoort ons elkeen tot 'n selfondersoekende stilstand te ruk!

Beide was opgelei en ingelig oor wat יהוה van hulle as priesters vereis het. Hulle het 'n sewe dae wydingseremonie ondergaan en was deur יהוה as afgesonder verklaar en as gereed vir dienswerk in die Tabernakel. Nogtans het hulle strydig met die onderrig en instruksies van

יהוה opgetree. Nadav en Avihu het יהוה se onderrig en instruksies verontagsaam, of miskien gewysig in die oortuiging dat dit dieselfde eindresultaat, asook God se goedkeuring sal hê! Hulle het in alle waarskynlikheid hulle dienswerk met goeie bedoelings uitgevoer! Is ons nie geneig om dieselfde te doen nie?

Was dit dus doelbewuste rebellie en doelbewuste sonde teen יהוה of het hulle met goeie bedoelings opgetree? Hulle was immers deur יהוה self afgesonder as priesters en uitverkies uit die res van Yisra'el. Beide het ook saam met Mosheh en die oudstes van Yisra'el op uitnodiging van יהוה op die berg Sinai geklim om in יהוה se teenwoordigheid te wees (Ex. 24:1). Hulle het beslis die guns van יהוה ervaar!! Het dit nie vir hulle dan 'n mate van 'vryheid' gegee om na eie goeddinke op te tree nie? Het hulle nie net in 'n oomblik van swakheid dalk vergeet wat dit beteken om afgesonderd vir God te wees nie? Was 'n gebrek aan praktiese ondervinding nie dalk die probleem nie?

Hierdie is baie belangrike vrae, want so maklik kan ons onsself in hierdie situasie bevind. As 'n gekose nasie en 'n afgesonderde priesterdom volgens die priesterskap van Malki-Tzedek (1Pet. 2:9) is ons nie verhewe bo 'n Nadav en Avihu nie!! Indien ons eerlik is, dan kan ons in vele opsigte met beide van hulle identifiseer!

Nou kan ons ook vra: Was יהוה se oordeel nie te kras nie? Beide Nadav en Avihu het tog pligsgetrou die priesterlike wydingseremonie van sewe dae ondergaan! Hulle was tog die seuns van Aharon – hoewel jonk en onervare!! Dan was dit ook hulle eerste oortreding!! Wat van vergifnis en onverdiende guns?? Was hulle optrede dalk nie bloot weens hulle ywer nie? Dit is tog sekerlik verstaanbaar en verskoonbaar!? Wat van die groter verantwoordelikheid en verhoogde 'werkslading' wat toe op die skouers van die oorblywende twee priesters, El'azar en Itamar, gerus het? Wat van die priesterlike nageslag wat uit die seuns van Aharon moes voortkom en waarvan die kanse nou met 50% verminder het? Het יהוה dan nie hieraan gedink of dit in aanmerking gebring nie? Was Nadav en Avihu se oortreding werklik so ernstig dat dit die dood verdien het? Hulle het tog tot en met hulle sterwe geglo in die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'acov! Hulle het nie יהוה verwerp nie!

Al bogenoemde vrae en redenasies is sekerlik uit 'n menslike oogpunt sinvol!? **MAAR** ons het te doen met יהוה Skepper-God wat nie 'n mens is nie, maar 'n waarmaker van Sy Woord is en wat nooit verander nie (Num. 23:19; Mal. 3:6; Heb. 13:8). Volgens Sy Woord het יהוה bepaal wat rein en onrein is en wat afgesonderd en nie onafgesonderd is. As priesters moet ons hierdie onderskeid kan maak (Lev. 10:10) en ander so ook leer (Eseg. 24:33). יהוה se Torah is Sy onderrig en instruksies in reinheid, afgesonderdheid en onpartydige opregtheid en ons moet dit nougeset nakom!

Verder moet ons besef dat slegs dit wat rein en afgesonderd is, in יהוה se Teenwoordigheid mag kom. Dit wat rein is, mag nie met die onreine vermeng word en dan as offer (aanbidding, dienswerk) aan יהוה gebring word nie. Net so mag ons nie dit wat afgesonder is met dit wat nie afgesonder is, vermeng nie, want die onreine en dit wat nie afgesonderd is nie, is vreemde vuur. Nadav en Avihu het vreemde vuur in die Teenwoordigheid van יהוה gebring en dit het veroorsaak dat daar vuur vanuit die Teenwoordigheid van יהוה uitgegaan het en hulle gesterf het.

Ons kan bespiegel oor presies wat die vreemde vuur was. Byvoorbeeld: Het Nadav en Avihu dalk wyn of sterk drank gedrink en toe in die Tent van Ontmoeting ingegaan (Lev. 10:9)? Het hulle die nodigheid van die dra van die priesterlike klere in die teenwoordigheid van יהוה dalk veronagsaam. Miskien was die gloeiende kole in hulle vuurpanne vanaf 'n ander bron as van die brandofferaltaar? Wou hulle nie miskien op hulle eie skeppende wyse uitdrukking aan hul liefde en ywer vir God gee nie?

Daar is vele ander moontlikhede wat ook oorweeg kan word. Die feit bly egter dat beide op ‘n wyse gehandel het wat strydig met יהוה se Torah was. Hulle het יהוה se Torah, Sy onderrig en instruksies, oortree! Nadav en Avihu het op ‘n wyse gehandel wat volgens hul eie standaard aanvaarbaar en goed gelyk het, maar hulle het egter nie aan יהוה se onpartydige opregtheid voldoen nie (Matt. 6:33).

Dit is duidelik dat onkunde, of enige ander rede, nie as versagtende omstandighede in die guns van Nadav en Avihu aanvaar sou word nie, want יהוה sal nie van Sy onderrig en instruksies afwyk of dit wysig nie. Dit is die les wat ons uit hierdie gebeure ter harte moet neem!!

יהוה, ons Vader, het sy ‘huisreëls’ opgestel. Dit wat op aanbidding en dienswerk in die tabernakel van toepassing was, is steeds op ons as die tempel van God (1Kor. 3:16 en 1Kor. 6:19) van toepassing. Dieselfde beginsels geld steeds!! Onthou: Ons eie onpartydige opregtheid, naamlik ons eie pogings, en ons eie beslissings en oordele van wat reg en verkeerd is, is soos ‘n vuil kleed wat ons in יהוה se Teenwoordigheid bring (Jes. 64:5)

As koninkilike priesterdom wat deur die kosbare bloed van Yeshua duur gekoop en afgesonder is, moet ons dus baie versigtig wees om nie met groot ywer of menslike wysheid ons eie onpartydige opregtheid op te rig nie! Ons moet יהוה se onpartydige opregtheid, soos dit deur Yeshua, dié Gesalfde Een, openbaar gemaak is, soek, ken en daarvolgens lewe. Indien ons goed luister na die stem van יהוה ons God, om sorgvuldig al Sy gebooie wat Hy ons beveel het te onderhou (Deut. 28:1), dan sal die lot van Nadav en Avihu ons nie tref nie.

Laat ons die woorde van Mosheh aan Aharon ook op ons van toepassing maak en dit nooit vergeet nie: *“Dit is hierdie ding wat יהוה van gepraat het deur te sê: ‘Deur dié wat naby My kom, sal Ek geëer word as Afgesonderd en voor die die hele volk sal Ek verhoog en vereer word.’”* Lev. 10:3.

Ons kan slegs in יהוה se Teenwoordigheid staan wanneer ons Hom ken, verhoog en vereer as die Afgesonderde volgens Sy vereiste en standaard. Ons eie en goedbedoelde pogings is vreemde vuur! Indien ons dit wat onrein en nie afgesonder is nie in Sy teenwoordigheid bring, sal יהוה se vuur ons verteer!

Dit is beter om bereidwillig te wees dat יהוה se vuur ons daagliks reinig as wat Sy vuur ons eendag totaal gaan verteer. Wanneer ons toelaat dat Hy die Silwersmit is wat ons smelt sodat alle onsuiwerhede uit ons lewe verwyder word (Ps. 66:10), dan sal ons staande bly die dag as Hy verskyn. Dan kan ons in Sy Teenwoordigheid kom, want dan is ons ‘n lewende, afgesonderde en welgevallige offer aan God (Rom. 12:1). Dan is ons rein en afgesonderd en sal ons met dit wat rein en afgesonderd is vir יהוה, ons God en Vader, vereer en verhoog.

Nadav en Avihu dien as waarskuwing dat die een wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie (1Kor. 10:12). Dit is ‘n herinnering dat dit wat ons by wyse van ons alledaagse lewe aan יהוה offer volgens Sy voorskrifte moet wees. Sy wette, voorskrifte en insettinge kan nie **herskryf** word om by ons aan te pas nie.

Niemand kan dit bekostig om te vergeet dat יהוה-God ook ‘n verterende vuur is (Deut. 4:24; Heb. 12:29).

> **2** “maar wie kan die dag van Sy koms verdra? Wie kan staande bly as Hy verskyn? Want Hy is soos die suiweraar se vuur en soos die seep van die wasser.
> **3** Hy sal sit as ’n Smelter en Reiniger van silwer en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle suiwer maak soos goud en silwer sodat hulle aan יהוה offers kan bring in onpartydige opregtheid. Mal. 3:2.

Soos die profeet Mal'ahaki die Levitiese priesters gewaarsku het, word ons as priesters van Malki-Tzedek ook gewaarsku!

Laat ons dus in hierdie dae onthou dat alles wat tevore geskrywe is (1Kor. 10:1-11), is tot ons lering tevore geskrywe sodat ons deur volhardende geduld en vertroosting vanuit die Skrifte 'n versekerde verwagting kan hê (Rom. 15:4).

Wat is hierdie versekerde verwagting? Ons het die sekerheid dat deur die guns in Yeshua, en deur die werking van die Afgesonderde Gees, sal ons יהוה ken as die Afgesonderde en sal ons as afgesonderd en rein in Sy Teenwoordigheid kan staan met die vuur wat יהוה self aan die brand gesteek het. Die lot van Nadav en Avihu hoef nie ons lot te wees nie!!

Ons het ook die versekering dat wanneer ons יהוה volgens Sy Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, dien, vereer en verhoog as die Afgesonderde een, dan sal Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid aan ons verskyn (Lev. 9:6 en 23).

Laat ons reaksie ten opsigte van vreemde vuur van: 'Wie...? Ek...? Nooit nie...!!' verander na die gesindheid van die tollenaar wat kophangend op sy bors geslaan het terwyl hy uitroep: "O God, wys my, die sondaar, onverdiende guns!" (Luk. 18:13).

Laat ons alle vreemde vure blus met die waarheid van 'n gehoorsame lewe as geregverdigdes in Yeshua, dié Gesalfde Een!! Laat ons יהוה, ons God en Vader, dien, vereer en aanbid volgens Sy voorskrifte en nie op wyses wat vir ons aanvaarbaar is en goed bedoel word nie!!

Bepeins of Bespreek

1. Die mens se goeie bedoelings kan nooit `n plaasvervanger vir gehoorsaamheid aan יהוה wees nie. Dit is die les wat Sha'ul byvoorbeeld geleer het (1Sam. 15:1-26). Kan jy ander voorbeelde uit die Skrifte noem? Wat van die aanbidding van die goue kalf (Ex. 32:1-5)? Was Aharon se bedoeling dan nie opreg nie? Selfs Kayin en Hevel is 'n voorbeeld (Gen. 4:1 tot 12). Het Kayin nie met goeie bedoelings gaan offer nie? Was dit doelbewuste rebellie van sy kant gewees? Selfs koning Dawid moes leer dat die verbondsark slegs volgens יהוה se voorskrifte terug gebring kon word (1Kronieke hoofstukke 3, 13 en 15). Die les: יהוה, ons God en Vader, vereis gehoorsaamheid en nie goeie bedoelings nie!! Ongehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies is vreemde vuur! *There is only one way and that is יהוה's way*!

2. Hoe dikwels probeer ons יהוה as ons God en Vader vereer en aanbid op mensgemaakte wyses!? Ons probeer יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid volgens ons eie menslike pogings terugbring. Ons bedoelings mag opreg wees, maar as dit nie volgens יהוה se vereiste voorskrifte is nie, dan is dit vreemde vuur en kan dit geestelike dood, en uiteindelik die ewige dood tot gevolg hê! Byvoorbeeld:

   - Kersfees, *Easter*, en Sondagaanbidding is ondermeer vreemde vuur.

   - Is die siening dat Rabbynse Judaïsme ons as gelowiges in Yeshua se leermeester is, nie ook vreemde vuur nie?

   - Wat van diegene wat sekere Skrifte van die nuwe verbond bevraagteken en selfs verwerp? Is dit nie vreemde vuur nie?

3. Deesdae word die ware kalender van יהוה wyd gedebateer en is daar verskillende groepe wat elk 'n kalender volg waarvan hulle oortuig is dat dit God se kalender is! Beskou God

dit as vreemde vuur indien ons nie Sy kalender weens gebrek aan ons kennis volg nie, maar ons bly soekend na die ware kalender? Die vraag is dus: Is onkunde ‘n verskoning en rede dat יהוה dit nie as vreemde vuur sal reken nie? In die verband moet ons Dawid se begeerte om die verbondsark na Yisra’el terug te bring, onthou, naamlik:

Dawid wou die verbondsark na twintig jaar terugbring om dit weer in die midde van die volk te plaas. Hy wou weer die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה terugbring na Yesra’el. Hulle het die ark toe op ‘n nuwe wa geplaas en Dawid en die hele Yesra’el het uitbundig voor die ark van God gedans, terwyl hulle deur musiekinstrumente begelei was (1Kron. 3:6-8). Toe hulle by die dorsvloer van Kidon kom, het Uza die ark met sy hand gestut, want die osse het gestruikel. יהוה se toorn het egter toe ontvlam en Uza het daar langs die wa gesterf (1Kron. 13:9-10). Het Uza gesterf omrede Dawid besig was om vreemde vuur in יהוה se teenwoordigheid te bring?

Dawid was erg ontsteld en het vir God bevrees (bang) geword en gevra: *Hoe kan ek die ark van God na my huis toe bring?* (1Kron. 13:12). **Daardie dag het Dawid besef dat sy goeie bedoelings nie goed genoeg was nie**!! Hy moes gaan uitvind wat יהוה se vereistes was om die ark terug te bring. Hy moes dit volgens God se onderrig en instruksies doen (1Kronieke hoofstuk 15) en nie volgens die van mense nie. Alleenlik toe is die verbondsark suksesvol teruggebring en was die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה weer in hulle midde gewees.

4. Ons leef in tye waar elkeen ernstige selfondersoek moet doen of ons nie ook soos Nadav en Avihu besig is om aan יהוה vreemde vuur te bring nie! Het ons al soos ‘n Dawid bevrees vir יהוה geword omrede ons besef ons kan moontlik vreemde vuur deur ons optrede of geloofsoortuiging vir יהוה aanbied? Laat ons alle vreemde vure blus met die waarheid van ‘n gehoorsame lewe as geregverdigdes in Yeshua, dié Gesalfde Een ons Meester!!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.